GROOTRIVIER GESKIEDENIS - SEDERT 1893

REGISTERED
Control and Audit Office
30 NOV. 93
FOLIO 83

LOT No. 7443.

Ceres Qtr Vol 3
Sale under Act No. 15 of 1887.

No 4.

In the Name and on behalf of Her Majesty VICTORIA, by the Grace of God of the United Kingdom of Great Britain and Ireland Queen, Defender of the Faith.

WHEREAS the Civil Commissioner of the Division of Ceres duly authorised thereto by the Government, did, on the 15th day of May 1893 cause to be publicly sold, a certain Piece of Land, advertised on the 9th March 1893 as Lot No. 7443 situated in the Division of Ceres and Field-cornetcy of Scotland called Vark Kloof

AND WHEREAS

Johannes Hermias Frans Wagener, Gert Ernst Hendrik Wagener, Carel ~~Christian~~ Christiaan Philip Wagener and Jan Harmse Nieuwoudt Wagener

did become the Purchaser thereof for the Sum of Three hundred pounds (£300) Sterling

under the Conditions and Regulations contained in the Act No. 15 of 1887, intituled an "Act for Regulating the manner in which the Crown Lands of the Colony shall be disposed of;" and in the Conditions of Sale hereunto attached.

I DO HEREBY GRANT, CEDE, AND TRANSFER unto the said

Johannes Hermias Frans Wagener, Gert Ernst Hendrik Wagener, Carel ~~Christian~~ Christiaan Philip Wagener and Jan Harmse Nieuwoudt Wagener

the aforesaid Piece of Land, containing two thousand seven hundred and thirty four morgen and three hundred and forty two square roods (2734 morgen 342 sq:rds:)

and represented and described in the Diagram hereunto attached, with full power and authority henceforth to possess the same in perpetuity, subject to the following Conditions:

1. That all roads and thoroughfares being or existing on the said land, and described in the

Transportakte van 1893

Volgens alle aanduidings was die eerste permanente bewoners van die plaas Grootrivier, die broers Carel Christiaan Philip Wagener (jnr), Johannes Hermias Frans Wagener, Gert Ernst Hendrik Wagener en Jan Harmse Nieuwoudt Wagener wat die eiendom in 1893 gekoop het van 'n ene Barend Petrus van der Merwe wat die plaas slegs vir weiveld gebruik het. Die plase Rietrivier, Varkkloof, Tuinskloof en Rietkloof, in totaal 14769 morg (12642 ha) het gesamentlik bekend gestaan as Grootrivier.

Die broers was die seuns van Carel Christiaan Philip Wagener (*foto links*) wat op 12 Augustus 1811 in Niederwerbe, Waldeck, Duitsland gebore is. Hy kom as sending-kolonis in diens van die Rynse Sendinggenootskap na Suid-Afrika. Hy is 'n opgeleide skrynwerker en beoefen van 1841 tot 1848 sy ambag op Wupperthal en lei ook ander daarin op. In 1843 trou hy met Johanna Erenetta Henrietta Nieuwoudt. Na 1848 tree hy uit diens van die Rynse Sendinggenootskap en vestig hom op die plaas Matjiesrivier in die Cederberge.

Carl Christiaan Philip Wagener jr, gebore 14 April 1861 te Matjiesrivier, koop sy broers uit en word alleeneienaar van Grootrivier. Hy trou met Esje Johanna Hermina Hanekom gebore 06 Februarie 1867 te Ysterplaat, distrik Koue Bokkeveld.

(*CCP en EJH Wagener, seuns JH en JHF, dogters JME en EJH)*

Hy boer met roltabak, vee en ook graan op klein skaal, hoofsaaklik vir eie gebruik. (pruim was in daardie dae ’n algemene gewoonte). Groot troppe boerbokke is aangehou wat bedags opgepas en saans kraal toe gebring is. Die kraalmis wat so versamel het, was baie belangrik as bemestings vir die twaklande en ook ander tuinbou gewasse. Die twakland, ’n lap grond van ongeveer 2 morg, geleë onderkant die woonhuis in die vloedvlakte van die rivier, is met die hand gelyk gemaak en voorberei vir die tabakplantjies. Stroomop is water uit die rivier gekeer in ’n watervoor wat na die twakland gelei het vir vloedbesproeiing. Later is die lande uitgebrei om voorsiening te maak vir die plant van mielies en groente en ook enkele vrugtebome.’n Watervoor, gepak van leiklip, is ook aangelê vanaf die fontein in Varkkloof na ’n lap grond op die oewer van die Grootrivier waar koring verbou is. Daar is ook met beeste geboer,hoofsaaklik Afrikaners, wat in die Grootrivier, Tuinskloof en Rietkloof gewei het.

Die heel eerste gebou op Grootrivier was die sogenaamde platdakkamer. Later is nog vertrekke en ’n waenhuis aangebou. Die gebou het as die twakhuis bekend gestaan en die pruimtwak is daar gesweet, gedraai, rolle van gemaak en gestoor totdat dit verkoop kon word. Namakwaland was die grootste afset en die tabak is via Wupperthal en later Clanwilliam verder versprei. Die Strassberger familie was jare lank kopers en verkopers van die Cederberg se pruimtabak, ook bekend as



roltabak. Elke plaas het sy eie kode gehad (*voorbeeld links)* en dit was alombekend dat Grootrivier se CW merkbaie gesog was in die mark. Om ordentlike sterk roltabak te maak was ’n kuns en dit kon maklik gebeur dat die tabak begin vrot. Dit het egter nooit met CW twak gebeur nie omdat die Wagener familie baie gesteld was op kwaliteit.’n Deel van die twakhuis het ook ’n tyd lank as skool diens gedoen.

(CCP Wagener en helpers in tabakland)

(Tabakstoele hang aan steiers om te droog)

Die oorspronklike woonhuis het bestaan uit ’n kombuis met groot vuurherd en bakoond, eetkamer, voorhuis, drie slaapkamers en ’n waenhuis wat ook as bakhuis gedien het. Na die huwelik van een van CCP Wagener se seuns, JH Wagener met Rachel Maria Dempers het hulle, hulle op Grootrivier gevestig en ’n tweede kombuis voorhuis en slaapkamer is aan die bestaande huis aangebou. Hierdie woonhuis het in sy oorspronklike vorm diens gedoen totdat restourasie werk en groot veranderings in 1999 aangebring is.



(Oorspronklike Grootrivier woonhuis)

(die Tabakhuis)

Gedurende die Anglo-Boere oorlog van 1899 – 1902, het ‘nEngelse kommandoby Brakfontein, 5 km suid van die Grootrivier opstal, kamp opgeslaan en klipskanse gepak in afwagting op ’n moontlike skermutseling met ’n boerekommando wat hulle uit ’n

noordelike rigting te wagte was.Die Engelse troepe het vleis en brood van die Wagener familie geeis en verkry. Die boere kommando het egter nooit deur die vallei beweeg nie en die Engelse het na ’n tyd opgepak. Die klipskanse is vandag nog sigbaar. Dit word vertel dat CCP Wagener nuuskierig was oor hoe die Engelse se kamp, wat agter Brakfontein se hoogte versteek was, gelyk het en hy is betrap dat hy gespioeneer het. Sy verskoning was dat hy na sy beeste in Tuinskloof op soek was, is nie aanvaar nie en hy moes te voet die 100km na Ceres aflê, vergesel van ’n soldaat te perd, om in die hof verhoor te word.

Die naaste Algemene Handelaar was destyds amper 100km van Grootrivier wat in daardie dae ’n ver afstand was om af te lêveral as in ag geneem word datperdekar of ossewa die enigste vervoermiddel was. Die boer, sy gesin, bywoners en werkers was dus verplig om tot ’n groot mate selfvoorsienend te wees. Hulle stapelvoedsel was vleis, brood en groente wat hulle self gekweek het. Daar is ook vrugte gedroog. Koring is gesaai en Grootrivier het sy eie watermeul*(foto links)* gehad wat om en by 1914 tot 1934 diens gedoen het. Die watermeul bestaan vandag nog en is grootliks volledig en kan met min moeite in ’n werkende toestand omskep word. In die meulhuis is ook ’n blaasbalk wat gebruik is vir ystersmid werk, soos die kort van ysterbande van wawiele.

Soos baie ander afgeleë plase in daardie tyd, het Grootrivier ook sy eie skool en onderwyser/es gehad. Die onderwyser/es was soms nie baie goed opgelei vir die taak nie en baie het slegs standerd 5 geslaag. Onderrig is in een klaskamer aan alle ouderdom kinders gegee in redelike informele omstandighede. Die plaasskole is egter jaarliks deur die betrokke departement besoek en ’n verslag is opgestel oor die kinders se vordering, die onderwyser se bekwaamheid en die toestand van die klaskamer.Tussen 5-8 kinders het onderrig ontvang tot en met standerd 5 (graad 7 in vandag se taal) sedert 1908 tot ongeveer 1947.

Op 15 Maart 1946 is CCP Wagener oorlede en sy twee seuns JH Wagener en JHF Wagener erf die plaas en bedryf dit ’n tyd lank as ’n gesamentlike onderneming. In 1948 besluit hulle egter om elkeen hul eie paadjie te loop en JH (Jan) Wagener gaan vestig hom op die plase Rietvlei en later Suikerbosrant, in die Koue Bokkeveld. JHF Wagener

is nooit getroud nie en hy eneen van sy susters KJ Wagener, wat ook nooit getroud is nie, woon saam op Grootrivier en maak ’n bestaan uit roltabak en veeboerdery.

Callie Wagener (ook CCP) oudste seun van Jan Wagener neem sy intrek in 1964 op Grootrivier en werk ’n tyd lank vir JHF Wagener. In 1968 besluit JHF Wagener om boerdery te staak en verhuur die grond aan Callie wat suksesvol op Grootrivier boer met roltabak, vee en die kweek van uieplantjies. Callie verlaat die plaas in 1975.

JHF Wagener wat in daardie tyd reeds afgetree het en saam met sy suster ’n huis op die dorpie Op-die-Berg gekoop en bewoon het, besluit om Grootrivier aan HW (Maans) Wagener, broer van Callie en tweede seun van Jan Wagener, te verkoop. Maans boer toe ook reeds vir sy ouers met blomme en vrugte op hul plaas Suikerbosrant. Maans is ongetroud en vind dit moeilik om op beide plase te boer. Hy nader André en Jaen-Marié Marais, laasgenoemde is Maans se suster,om hulle by die boerdery op Suikerbosrant en Grootrivier aan te sluit. Hulle vestig hulle op Grootrivier in April 1976.

Bogenoemde twee plase word deur André en Maans as ’n gesamentlike onderneming bedryf en die blomboerdery word uitgebrei en daar word ook groente geplant op Grootrivier.

Die verbouing van roltabak op Grootrivier is gestaak nadat Callie die plaas in 1975 verlaat het. Hoofsaaklik as gevolg van ’n kwynende mark sowel as die afwesigheid van kundigheid en betroubare arbeid. So het daar ’n einde gekom aan ’nroltabak boerdery era, wat sedert 1900 gesorg het vir’n bestendige inkomste en welvaart.

Ook Maans Wagener besluit om boerdery te staak en André en Jaen-Marié Marais koop Grootrivier in 1983. Boerdery bestaan hoofsaaklik uit die verbouing van groente, droog van vrugte en die kweek van uieplantjies. Die koms van Eskom krag in 1986 na die gebied, sorg vir die effektiewer en skoner pomp van water sowel as vir vele geriewe in die huishoudings.

André Marais, wat toe redelik suksesvol met hoofsaaklik uieplantjies boer, begin in 1988 probleme met sy gesondheid ontwikkel en raak gaandeweg verlam in die onderlyf. Sy toestand verswak sodanig dat hy in 1996 verplig word om ’n rolstoel te gebruik en die boerdery lei ongelukkig daaronder. André verkoop Varkkloof en Tuinskloof, twee aparte eiendomme wat deel gevorm het van Grootrivier, aan JH Vorster. Na latere samesprekings besluit André en JH Vorster om in 1997 ’n maatskappy, Mount Ceder Edms Bpk, met gelyke aandeelhouding, te stig. Met finansiële insette van JH Vorster word die nou reeds bekende Mount Ceder toerisme

onderneming gevestig. In 2002 word besluit om olyfbome, hoofsaaklik Kalamata, te vestig en voorbereidings vir die eerste aanplantings in 2003 word gedoen.

Vandag is Mount Ceder ’n bekende en gewilde toerisme bestemming met selfsorg akkomodasie, ‘n restaurant en kampeerplekke. Die olyfboerdery bestaan uit 52.4 ha met ongeveer 22 000 olyfbome waarvan ongeveer 64% reeds in produksie is.